



# Liracia

## Gebiedsbestuurs kamp

### 10 Julie 2015



En so maak Gebied Jakaranda weer so: Vir die 1ste keer in 'n paar jaar het die Gebiedsbestuur, bestaande uit die Voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, penningmeester, twee verteenwoordigers van elke streek en een verteenwoordiger van elke satelliet, saam gaan kamp en dit sommer 'n mini-winterkamp gemaak. Hans Koekemoer en ek het die kamp namens ons streek meegemaak.

Liracia oord is besoek, nadat hul vir 'n geruime tyd gesluit was, en ons was aangenaam verras met die huidige toestand en vriendelike diens.

Pieter en Johanna van Biljon het opgetree as Kampkommandante en so is daar die naweek ook lekker gekuier en ge-eet met sop, broodjies, braaivleis en pap en sous wat op die spyskaart was. Ook dankie aan die dames en jong dogters wat die verversings na die vergadering voorgesit het.

Tydens die vergadering is Chris Delport aangewys as Voorsitter 2015 / 2016 en heelwat ander sake is gefinaliseer, onder andere toekenings en 2016 jaarprogramme.

Sondag is na die TV erediens geluister waarna almal ontbyt gemaak het.

Die algemene gevoel was dat dit 'n heerlike naweek was en dat daar weer so gemaak moet word.

Groete

Tjaart

Nms Rietvallei Bestuur





Foto's – Marietjie Klaasen